

## S v D EN ANDERE 1997 (2) SACR 671 (C)

<b>Citation</b>	1997 (2) SACR 671 (SCA)
<b>Court</b>	Kaapse Provinsiale Afdeling
<b>Judge</b>	Traverso R
<b>Heard</b>	August 4, 1997
<b>Judgment</b>	August 4, 1997
<b>Annotations</b>	None

---

### **Flynote : Sleutelwoorde**

Jeugdige oortreders - Versuim deur die hof om aan die beskuldigdes hul regte tot regsverteenwoordiging te verduidelik - Versuim het gelei tot wesenlike regskenning - Verrigtinge en skuldigbevindings is tersyde gestel op hersiening.

Hersiening - In watter gevalle - Beskuldigdes, wie skoliere was, aangekla van besit van dagga en gevra om te pleit binne drie ure van arrestasie - Gewoonte in distrik om met skoliere buite regsproses te handel vir sodanige tipe misdryf - Blyk uit landdros se skrywe op spesiale hersiening dat daar ontevredenheid by beskuldigdes en ouers geheers het oor hulle behandeling - Verrigtinge kan slegs vanweë regskenning op hersiening ter syde gestel word - Onbehoorlik om verrigtinge ter syde te stel as gevolg van druk deur gemeenskap op landdros.

### **Headnote : Kopnota**

Die beskuldigdes is in 'n landdroshof skuldig bevind aan besit van dagga. Die saak het op spesiale hersiening gediens weens die feit dat die jeugdige beskuldigdes binne drie ure van hul arrestasie aangekla was en gevra was om te pleit. Hulle was almal skoliere en die gewoonte in die distrik was om met skoolkinders buite die regsproses te handel vir hierdie tipe misdrywe. Die kinders was almal bygestaan deur hul ouers. Dit het geblyk uit die landdros se opmerkings op spesiale hersiening dat daar ontevredenheid by die beskuldigdes en hul ouers geheers het omdat hulle nie soos in ander soortgelyke gevalle buite die regsopset gestraf was nie. Dit was verder beweer dat die beskuldigdes se regte nooit tydens of na arrestasie aan hulle verduidelik was nie. Hulle regte ten opsigte van regsverteenwoordiging was ook nie aan hulle tydens die verhoor verduidelik nie. Die verhoorlanddros was van mening dat die regsproses te vinnig in werking gestel was en dat die beskuldigdes, toe hulle gevra was om te pleit, nie ten volle op hoogte was van hul regte nie, wat neergekom het op benadeling van hul regte. Die Hof is versoek om die uitspraak en verrigtinge tersyde te stel.

*Beslis*, dat verrigtinge slegs vanweë 'n regskenning op hersiening ter syde gestel kon word en dat dit onbehoorlik sou gewees het om die verrigtinge tersyde te stel bloot omdat daar druk van die gemeenskap op die landdros geplaas was.

*Beslis*, verder, dat die versuim om aan die beskuldigdes hulle regte tot regsverteenwoordiging te verduidelik 'n wesenlike regskenning tot gevolg gehad het en dat die verrigtinge asook die skuldigbevindings tersyde gestel moes word.

### **Flynote : Sleutelwoorde**

Juvenile offenders - Failure by court to inform accused of their right to legal representation - Such failure resulting in material injustice - Convictions and procedure set aside on review.

Review - In what cases - Accused, pupils, charged with possession of dagga and requested to plead within three hours of arrest - Practice in district to deal with pupils outside legal process in such cases - Appeared from magistrate's remarks on special review that there was unhappiness amongst the accused and parents over their treatment - Proceedings can only be set aside on review on ground of failure of justice -

Inappropriate to set proceedings aside because of pressure on magistrate by community.

**Headnote : Kopnota**

The accused had been convicted in a magistrate's court of possession of dagga. The matter was sent on special review because of the fact that the juvenile accused had been charged and requested to plead within three hours of their arrest. They were all school pupils and the practice in the district had been to deal with school children outside of the legal process for this type of offence. The children had all been assisted by their parents. It had appeared from the magistrate's remarks on special review that there had been unhappiness amongst the accused and their parents because they had not been punished outside the legal process as in other similar cases. It was further alleged that the accused's rights had never been explained to them during or after their arrest. Their right as to legal representation had also not been explained to them during the trial. The trial magistrate was of the opinion that the legal process had been instituted too quickly and that the accused, when they were asked to plead, had not been fully aware of their rights, which resulted in them being prejudiced. The Court was requested to set aside the judgment and proceedings.

*Held*, that proceedings could only be set aside on review on the ground of a failure of justice and that it would have been inappropriate to set the proceedings aside merely because there had been pressure from the community on the magistrate.

*Held*, further, that the failure to advise the accused of their right to legal representation had resulted in a material failure of justice and that the convictions as well as the proceedings had to be set aside.

**Case Information**

Hersiening.

**Judgment**

**Traverso R:** Hierdie aangeleentheid het voor my geding op spesiale hersiening. Die opmerkings van die landdros was as volg:

- (3) Kort na die skuldigbevinding van die vier kinders het die volgende inligting tot my kennis gekom wat my beweeg het om die saak vir hersiening voor te lê:
  - (i) Die beskuldigdes wie om ongeveer 08:00 (voor skool) gearresteer was, is op baie kort kennisgewing om 11:00 dieselfde dag deur die Staatsaanklaer gevra om op die aanklag te pleit.
  - (ii) Die hoeveelheid dagga was baie klein - minder as 'n halwe sigaret. Dit is gekry op die strand naby die plek waar die beskuldigdes gesit het. Die polisie het die toneel onder observasie gehou en gesien dat hulle saam rook.
  - (iii) Al die beskuldigdes is besig met eksamens en is hangende die uitslag van die saak uit die skool geskors - wat 'n uiters drastiese optrede is gesien in die lig daarvan dat hulle maar in Std 6 en Std 7 is.
  - (iv) Dit was grotendeels gewoonte in hierdie distrik om teen skoolkinders wat gearresteer is vir besit van dagga op te tree buite die regsstelsel ten einde hulle tot verantwoordings te bring sonder 'n kriminele rekord.
  - (v) Groot was my verbasing toe die aanklaer die klagte aan die beskuldigdes stel skaars drie uur na arrestasie. As voorsittende beampte het ek van die aanklaer verneem of hy nie liewers eers die saak wil uitstel sodat daar behoorlik oor die aangeleentheid besin kan word nie. Hy was egter vas van voorneme om die aanklag te stel. Aangesien ek nie hierdie optrede verwag het nie was die opnamemasjien nie aangeskakel nie. Eers na aantekening van die pleit en by toepassing van art 112(1)(b) van Wet 51 van 77 is die verrigtinge meganies genotuleer.
  - (vi) Die beskuldigdes is almal bygestaan deur hulle onderskeie ouers en voogde. Die bepalings van art 112(1)(b) van die Strafprosedewet is aan beskuldigdes sowel as ouers verduidelik. Wat egter nie duidelik is nie is of die beskuldigdes se regte ten opsigte van regsvertegenwoordiging aan hulle verduidelik is. Weens die onverwagte optrede van die Staatsaanklaer is ek bereid om toe te gee dat dit wel nie gedoen is nie alhoewel die beskuldigdes deur hul ouers bygestaan is.
  - (vii) Dit word ook beweer dat die beskuldigdes se regte nooit tydens of na arrestasie deur die

- polisie aan hulle verduidelik is nie.
- (viii) Ongeveer ses weke voor hierdie voorval het die polisie twee ander skoolkinders gearresteer vir besit van een ongebruikte daggasigaret wat hulle by die stasie van 'n man gekoop het. Hierdie twee seuns is egter nooit aangekla nie en is saam met hulle ouers na my kantoor gebring waar hulle ernstiglik aangespreek en gewaarsku was oor die erns van die misdaad en die gevare verbond aan die misbruik van dagga.
  - (ix) Daar bestaan tans groot ontevredenheid by die vier beskuldigdes en hulle ouers dat daar nou as gevolg hiervan teen hulle gediskrimineer word.
- (4) Na oorweging van al bogenoemde faktore is dit duidelik dat die regsproses myns insiens te vinning in werking gestel was (daar bestaan regspraak hieroor) en dat toe die beskuldigdes gevra was om te pleit hulle nie ten volle op hoogte was van hul regte nie wat kan neerkom op benadeling van hulle regte.
  - (5) Die Agbare Hersieningsregter word met respek versoek om oorweging daaraan te skenk om die uitspraak en die verrigtinge tersyde te stel. Ek is in elke geval daarvan oortuig dat die beskuldigdes 'n duur les geleer het deur die ondervinding.'

Dit was nie aan my duidelik op watter basis die verhoorlanddros die verrigtinge ter syde gestel wou hê nie. Ek het simpatie met die landdros se standpunt dat waar daar jeugdiges by die pleeg van minder ernstige misdrywe betrokke is, daar nie altyd hof toe gehardloop moet word nie, en dat waar moontlik die saak buite die regsproses afgehandel moet word. Die Staatsaanklaer, as *dominus litis*, het egter besluit om met die aanklagte teen die beskuldigdes voort te gaan. Die landdros het, sy bedenkinge ten spyt, toegelaat dat die verrigtinge voortgaan, en het die beskuldigdes skuldig bevind aan die ten laste gelegde aanklag.

Ek het uit die landdros se skrywe afgelei dat die ontevredenheid van die beskuldigdes en hulle ouers omdat hulle nie soos in ander soortgelyke gevalle buite die regsopset gestraf is nie, die hoof oorwegingsrede was om te vra dat die verrigtinge ter syde gestel moet word. Dit het my voorgekom asof die moontlike nie-verduideliking van hul regte as 'n uitweg gesien is om hierdie situasie te ontloot. Ek sê dit vir verskeie redes. Ek noem slegs een. Nêrens uit die rekord blyk dit dat die beskuldigdes se regte nie tydens of na arrestasie deur die polisie aan hulle verduidelik is of dat so mededeling ooit aan die hof gemaak is nie. Ek weet nie wanneer hierdie mededeling gemaak is nie, maar dit lyk asof dit 'n `bewering' is wat na skuldigbevinding aan die landdros gemaak is, en wel buite die regsproses. Verrigtinge kan slegs vanweë 'n regskenning op hersiening ter syde gestel word. Dit kan nooit geskied as gevolg van druk van buite nie.

Aangesien dit myns insiens onbehoorlik sou wees om die verrigtinge tersyde te stel bloot omdat daar druk van die gemeenskap op die landdros geplaas was, het ek kommentaar gevra van die Prokureur-generaal asook die betrokke aanklaer. Ek het tot op datum geen kommentaar van die aanklaer ontvang nie, maar het wel 'n memorandum ontvang van Adv Immelman van die Prokureur-generaal se kantoor. Sy het haar kommentaar egter beperk tot die vraag of die beskuldigdes se regte met betrekking tot regsverteenvoordiging behoorlik aan hulle verduidelik was, en wat die gevolge behoort te wees indien dit nie gedoen is nie. Die ander aspekte het sy nie probeer opklaar nie. Die betrokke aanklaer het ongelukkig, soos ek reeds gesê het, geen insette gelewer oor wat sy of haar herinnering van die verloop van die saak is nie. Die aangeleentheid is spoedeisend, en ek glo nie dit regverdig 'n verdere vertraging nie. Dit sou onbillik wees teenoor die beskuldigdes.

Ek sal dus die saak benader op die basis dat die beskuldigdes se regte tot regsverteenvoordiging nie aan hulle verduidelik is nie. Dit is reeds goed gevestig, soos uitgewys deur Adv Immelman, dat 'n versuim om aan 'n beskuldigde sy regte tot regsverteenvoordiging te verduidelik 'n wesentlike regskenning tot gevolg sal hê, en dat die verrigtinge derhalwe ter syde gestel moet word. Dit word dus beveel dat:

Die verrigtinge asook die skuldigbevinding van al vier die beskuldigdes ter syde gestel word.

Brand R het saamgestem.